Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Allaah

Allah / Een, Enigste, Enige God

Hy is die Een, Enigste en Enige Godheid, die Een wat Aanbid word en die Een wat verdien om aanbid te word deur Sy hele skepping, as gevolg van die Perfekte Goddelike Kenmerke waarmee Hy beskryf word.

Enkele Versverwysing:

"Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste."
Koran 1:1 "Alle lof kom Allah toe, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde."

Koran 2:255. “Allah: die wese wat alle perfeksie kombineer en vry is van enige tekortkoming, daar is geen god behalwe Hy nie: daar is niks aanbiddingswaardig behalwe Hy nie, die Lewende: die ewigdurende, die lewensanker wat self geen versorging benodig nie maar alles en almal gelyktydig versorg. Nogtans word Hy nie moeg sodat hy sou insluimer of aan die slaap raak nie. Allah besit alles: aan Hom behoort dit wat in die hemele en dit wat op die aarde is. Wie durf Hom bevraagteken of wie kan by Hom intree vir ander sonder Sy toestemming? Hy weet alles van alles af en Hy ken die verlede en die toekoms. En die mens besit niks van Sy kennis nie behalwe dit wat Hy wil hê hulle moet weet. Sy Troon reik na- en omvat die Hemele en die Aarde, en Hy word nie moeg daarvan om dit te versorg nie. Hy is die Hoë, verhewe bo alles en die Oppermagtige.”